

# Dié diere veroorsaak steeds die meeste skade

**DIE** roofdiere wat die meeste skade op plase in Suid-Afrika veroorsaak, is die rooijakkals en die rooikat. Pasgebore lammers is dié roofdiere se voorkeurprooi, met 67% van alle veeverliese wat in dié kategorie val. Namate lammers groter en swaarder raak, is die kans kleiner dat dit die prooi van rooijakkalse en rooikatte kan raak, hoewel speenlammers tweede in die ry staan met 19% in verliese.

Dit is van die bevindings in een van die langste navorsingsprojekte oor die bestuur van vee en roofdiere in Suid-Afrika.

Die verslag oor die bestuur van lewende hawe en die navorsing oor en die monitering van roofdiere is onlangs bekend gemaak. Dit gee terugvoering oor die bevindings en resultate wat in 2020 geformuleer is, terwyl daar ook teruggekyk word na die 15 jaar van werk wat sedert 2008 voltooi is.

## Moniteringsplase

In Suid-Afrika is die totale grondoppervlakte wat vir kommersiële landbou gebruik word, ongeveer 46,4 miljoen ha. Dit behels 37,9% van die totale grondoppervlakte van Suid-Afrika. In 2008 is 27 plase van altesaam 136 214 ha geïdentifiseer om die werklike evaluasie en toetsing van metodes te verteenwoordig om aanpasbare bestuurstrategieë te kies wat op Suid-Afrika se eiesoortige boerdery-omstandighede toepaslik kan wees.

Die moniteringsplase is op plekke met verskillende reënvalsfers, plantegroei en ekosistels. Luidens die verslag dien

dit as 'n omvattende platform vir die daarstelling van en eksperimentering met bestuurstrategieë vir die vee- en wildbedryf.

Die gunstige resultate op kommersiële boerderye oor die afgelope 15 jaar het gewys dat 'n goed gestruktureerde roofdierbestuursplan bewerkstellig kan word deur middel van behoorlike beplanning en sorgvuldige eksperimentering.

## Provinsiale resultate

Dit blyk dat 'n redelik konstante veebestuursplan regdeur Suid-Afrika gevolg word, maar dit wissel baie binne elke provinsie. Luidens die verslag sal dit onverantwoordelik wees om 'n algemene bestuursplan vir die hele Suid-Afrika se vee te hê. Basiese aspekte kan as 'n riglyn gebruik word, maar die werklikheid lyk anders.

Net soos daar groot verskille in veebestuur tussen moniteringsplase is, is daar groot verskille ten opsigte van roofdiere en die bestryding daarvan. Die raamwerk word bepaal deur:

- Reënval.
- Temperatuur.
- Vogtigheid.
- Topografie.
- Plantegroei.

Dié parameters verskil tussen ekosistels en dien as formule vir die vlak van biodiversiteit en vorm ook die grondslag vir die samestelling van bestuurstrategieë.

## KwaZulu-Natal

Altesaam 55% van verliese van weë roofdiere bestaan uit kleiner en jonger vee. Om skape in meer beskutte gebiede aan te

hou en gebiede te vermy waar dit moeiliker is om hulle te beskerm (soos bergagtige gebiede), sal 'n merkwaardige gunstige uitwerking hê. Dit is vir 'n rooijakkals met 'n gewig van ongeveer 9 kg redelik moeilik om 'n dier aan te val wat 50-60 kg weeg. Sulke verliese kom voor, maar in die algemeen net in gevalle waar twee of meer jakkalse saam jag.

Die grootte van die vee en die aantal wat jaarliks deur roofdiere doodgemaak word, wys dat die roofdiere aanpasbare jagvaardighede het (hulle jag saam in 'n trop). Dit dui ook aan dat die roofdierbevolking hoër as normaal is.

## Wes-Kaap

Veeverliese van weë roofdiere word hoofsaaklik aangeteken by pasgebore lammers en lammers wat speenouderdom bereik het. Dit dui daarop dat roofdiergetalle reg deur die jaar op beheerbare vlakke gehou word.

## Vrystaat

Die Vrystaat teken ook meestal veeverliese by pasgebore lammers en speenlammers (75% jong lammers en 17% speenlammers) aan.

## Noord-Kaap

Roofdierskade word meestal aangteken by vee van pasgebore ouderdom en diere wat gespeen is. Roofdiergetalle word deur middel van roep en skiet bekamp. Aangesien dié provinsie oorwegend halfdroog én 'n ekstensiewe boerderygebied is, word 'n algemene praktyk gevolg waar skape in natuurlike

weidingskampe lam.

## Oos-Kaap

Skade van weë roofdiere word hoofsaaklik in die eerste paar maande van die dier se lewe tot speentyd waargeneem. Verskille in topografie het 'n groot invloed op bekampingsmetodes. Minder skade word deur rooijakkalse veroorsaak as deur rooikatte.

## Mpumalanga

Wanneer skape in krale kan lam, word hulle beter teen roofdiere beskerm. 'n Effense toename in die verliese van volwasse skape is noemenswaardig. Die rooijakkalse is verantwoordelik vir byna dieselfde aanpasbare optrede as in KwaZulu-Natal waar dié roofdiere as 'n trop optree.

## Nasionale resultate

'n Opsomming van die provinsiale resultate gee 'n aanduiding van die verbetering wat op nasionale vlak gemaak is met die benaderings ten opsigte van die bestuur van vee en roofdiere. Indien die wisselende toestande in die onderskeie provinsies met verskillende reënseisoene, verskillende lamtye en 'n groot wisseling in plantegroei en topografie in ag geneem word, is dit duidelik dat al dié faktore 'n beduidende invloed op bestuurstrategieë het.

Roofdiergetalle speel 'n beduidende rol, veral in die geval van rooijakkalse.

Verantwoordelike bekampingsmetodes om roofdiergetalle te bestuur, bly belangrik om skade te beperk. **LBW**



**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.  
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102  
E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net) | WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za)